**SKEDULERINGSTATUS**

S4

**ABITIG 250 mg tablette**

**Abirateroonasetaat**

**Bevat suiker (164,75 mg laktosemonohidraat per tablet)**

**Lees hierdie hele inligtingstuk noukeurig deur voordat jy begin om ABITIG te neem.**

- Hou hierdie inligtingstuk. Dit mag vir jou nodig wees om dit weer te lees.
- Vra asseblief jou dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgverskaffer as jy verdere vrae het.
- ABITIG is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moet nie jou medisyne met enige ander persoon deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs as hulle simptome dieselfde as joune is.

**Wat is in hierdie inligtingstuk**

**1. Wat ABITIG is en waarvoor dit gebruik word**

**2. Wat jy moet weet voordat jy ABITIG neem**

**3. Hoe om ABITIG te neem**

**4. Moontlike newe-effekte**

**5. Hoe om ABITIG te bewaar**

**6. Inhoud van die verpakking en ander inligting.**

## 1. Wat ABITIG is en waarvoor dit gebruik word

ABITIG bevat ‘n middel wat abirateroonasetaat genoem word. ABITIG verhoed dat jou liggaam testosteroon vervaardig; dit kan die groei van kankerweefsel in jou prostaat en op ander plekke vertraag. ABITIG, in kombinasie met ander medisyne, word gebruik om prostaatkanker by volwasse mans wat in die gevorderde stadium is en na ander dele van die liggaam versprei het, te behandel.



Signed:

## 2. Wat jy moet weet voordat jy ABITIG neem

**Moenie ABITIG neem nie:**

- As jy hipersensitief (allergies) is vir abirateroonasetaat of vir enige van die ander bestanddele van ABITIG (gelys in afdeling 6)
- As jy swanger is, probeer om swanger te raak, dalk swanger kan wees, vermoed jy is swanger, of as jy borsvoed, moet jy eers met jou dokter praat voordat jy hierdie medisyne gebruik.
- As jy ernstige lewerprobleme het
- As jy ‘n vrou is. ABITIG word slegs by manlike pasiënte gebruik.
- As jy rifampisien neem (gebruik om tuberkulose te behandel (TB))
- In kombinasie met $^{223}$Ra (radium 223), wat gebruik word om prostaatkanker te behandel.

Moenie hierdie medisyne gebruik as enige van bogenoemde op jou van toepassing is nie. Voordat jy ABITIG neem, moet jy met jou dokter of apteker praat as jy onseker is.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls:**

**Tref spesiale voorsorg met ABITIG:**

- Vroue (of gesondheidsorgverskaffers) wat swanger is of swanger mag wees, moet ABITIG nie sonder handskoene hanteer nie.

**Lig jou dokter of apteker in:**

- As jy hoë bloeddruk of hartversaking of lae kalium in die bloed het (lae kalium in die bloed kan die risiko van probleme met hartritme verhoog).
- As jy ander hart- of bloedvatprobleme het of gehad het, insluitend probleme met hartritme, of as jy behandel word met middels vir hierdie toestande.
- As jy borskaspyn het (angina).
- As jy ‘n onreëlmatige of vinnige hartritme het.
- As jy onlangs ‘n hartaanval gehad het.
- As jy swelling van jou voete, enkels of bene het.



**Signed:**

- As jy ernstige nierprobleme het.
- As jy lewerprobleme het.
- As jy ‘n stresvolle ervaring het terwyl jy ABITIG in kombinasie met prednisoon en prednisoloon neem.
- As jy ‘n verswakte beenstruktuur het (verlaagde beendigtheid). Die neem van ABITIG in kombinasie met prednisoon of prednisoloon kan ‘n effek op jou bene hê.
- As jy in die verlede ‘n middel, bekend as ketokonasool, vir prostaatkanker geneem het.
- As jy hoë bloedsuiker het.
- As jy chemoterapie ontvang.
- As jy vinnig gewig aangesit het.
- As jy vergeling van jou vel of oë, verdonkering van die urine of erge naarheid of braking ervaar terwyl jy ABITIG neem, aangesien hierdie tekens of simptome van akute lewerprobleme kan wees. Dit kan fataal wees.
- As jy anemie het (verlaging in rooibloedselle). Jy kan begin om moeg en swak te voel, ‘n bleek vel hê, ly aan kortasemigheid, borskaspyn ervaar, gereeld infeksie kry, hoofpyn hê of duiselig voel
- As jy verlaagde seksdrang (libido) ervaar.
- As jy spierswakheid en/of spierpyn ervaar of as jy medsiyne gebruik wat bekend is daarvoor om spierswakheid te veroorsaak.

As jy bestralingsterapie ontvang, moet ABITIG nie in kombinasie met radium ($^{223}$Ra) gegee word nie as gevolg van die moontlike toename in die risiko van beenbreuke of die dood.

As jy beplan om $^{223}$Ra te ontvang ná behandeling met ABITIG en prednisoon/prednisoloon, moet jy 5 dae wag voordat daar met behandeling met $^{223}$Ra begin word.

Voordat jy ABITIG neem, moet jy met jou dokter of apteker praat as jy nie seker is of enige van die bogenoemde op jou van toepassing is nie.



**Signed:**

**Monitering van bloed**

ABITIG kan jou lewer affekteer en jy mag nie enige simptome hê nie. Jou dokter sal jou bloed gereeld toets terwyl jy ABITIG neem om enige effekte op die lewer op te spoor.

**Kinders en adolessente:**

ABITIG is nie geskik vir gebruik by kinders en adolessente nie. As ABITIG per ongeluk deur 'n kind of adolessent ingeneem word, gaan onmiddellik na die hospitaal en neem die voubiljet saam om die dokter by die noodgevalle-afdeling te wys.

**Ander medisyne en ABITIG:**

Lig jou gesondheidsorgverskaffer altyd in as jy enige ander medisyne gebruik. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

Lig jou dokter of apteker in as jy tans enige van die volgende medisyne gebruik:

*Vermy die gebruik van die volgende medisyne, wat sterk CYP3A4-induseerders is, saam met ABITIG:*

- fenitoïen, karbamasepien (gebruik om epilepsie te behandel)
- rifampisien, rifabutien, rifapentien (gebruik om TB te behandel)
- fenobarbitoon (gebruik om angstigheid en sekere tipes toevalle (aanvalle) te behandel)
- Johanneskruid (gebruik om depressie te behandel)

*Die volgende medisyne veroorsaak 'n verhoogde effek van die medisyne wanneer dit in kombinasie met ABITIG gebruik word:*

- dekstrometorfaan (gebruik om rokershoes of langtermym asemhalingsprobleme te behandel).

*Jou dokter mag die dosis van die volgende medisyne verlaag (wat 'n nou terapeutiese indeks het en deur CYP2D6 gemetaboliseer word):*

- metoprolol (gebruik om hoë bloeddruk en angina (borskaspyn) te behandel)
- propranolol (gebruik om hoë bloeddruk, onreëlmatige hartklop, skudding (bewerigheid), sosiale angstigheid te behandel)

- desipramien, venlafaksien (gebruik om depressie te behandel)
- haloperidol, risperidoon (gebruik om psigose te behandel, 'n ernstige geestesversteuring)
- propafenoon, flekaïnied (gebruik om hartritme-versteurings te behandel)
- kodeïen, oksikodoon, tramadol (gebruik om ligte tot matige pyn te behandel)

*Androgeen-ontnemingsbehandeling kan die risiko van hartritme-probleme verhoog. Raadpleeg jou dokter as jy enige van die volgende ontvang:*

- kinidien, disopiramied, amiodaroon, sotalol, dofetilied, ibutilied (gebruik om hartritme-versteurings te behandel)
- metadoon (gebruik om matige pyn te behandel)
- moksifloksasien ('n antibiotikum wat gebruik word om bakteriële infeksie te behandel)
- antipsigotiese middels (gebruik om geestesversteurings te behandel)

*Die volgende medisyne kan die prostaat-spesifieke-antigeenvlakke (PSA) levels verhoog en moet nie in kombinasie met ABITIG gebruik word nie:*

- spironolaktoon (gebruik om hoë bloeddruk en hartversaking te behandel)

**ABITIG saam met voedsel:**

Die neem van ABITIG saam met voedsel veroorsaak dat meer ABITIG deur die ligaam geabsorbeer word as wat nodig is en dit kan ernstige newe-effekte veroorsaak (sien afdeling 3, "Hoe om ABITIG te neem").

**Swangerskap en borsvoeding:**

ABITIG word nie aangedui vir gebruik by vroue nie.

ABITIG kan skade aan die ongebore baba veroorsaak as dit deur swanger vroue gebruik word.

Vroue wat swanger is, borsvoed of vroue wat swanger mag wees (insluitend gesondheidsorgverskaffers) moet handskoene dra as dit vir hulle nodig is om aan ABITIG te raak of dit te hanteer.

As jy 'n vrou is wat swanger kan raak, moet jy 'n betroubare voorbehoedmiddel gebruik terwyl jy ABITIG gebruik en vir 6 maande ná jou laaste dosis. As jy 'n manlike pasiënt is en jou vroulike maat kan swanger raak, moet julle 'n betroubare voorbehoedmiddel gebruik terwyl jy ABITIG gebruik en vir 3 maande ná jou laaste dosis.

**Bestuur en gebruik van masjinerie:**

ABITIG kan jou vermoë om ‘n motor te bestuur of masjinerie te hanteer, affekteer. Jy moenie ‘n voertuig bestuur, masjinerie hanteer of enigiets anders doen wat jou aandag vereis nie totdat jy weet hoe ABITIG jou sal affekteer.

**ABITIG bevat laktose en natrium:**

ABITIG bevat laktose (wat ‘n soort suiker is). As jou dokter jou ingelig het dat jy ‘n onverdraagsaamheid teenoor sekere suikers het, moet jy jou dokter kontak voordat jy ABITIG neem. ABITIG bevat ook natrium (4,6 mg natrium per tablet - 18,4 mg natrium per daaglikse dosis). Dit moet in aanmerking geneem word by pasiënte wat op ‘n gekontroleerde natriumdieet is.

## 3. Hoe om ABITIG te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Neem ABITIG altyd presies soos wat jou dokter dit voorgeskryf het. Kontroleer met jou dokter of apteker as jy onseker is.

Jou dokter sal jou inlig oor hoe lank jou behandeling met ABITIG sal duur. Moenie met jou behandeling ophou sonder om dit eers met jou dokter te bespreek nie.

Lig jou dokter of apteker in as jy onder die indruk is dat die effek van ABITIG te sterk of te swak is.

Die normale dosis is 4 tablette een keer per dag.

**Moenie ABITIG saam met voedsel neem nie**.

Neem ABITIG ten minste een uur vóór of ten minste twee uur ná ete. Sluk die tablette heel in met water. Moenie die tablette breek nie.

ABITIG word saam met medisyne wat prednisoon of prednisoloon genoem word, geneem.

Neem die prednisoon of prednisoloon presies soos wat jou dokter dit voorgeskryf het. Jy moet elke dag wat jy ABITIG neem, ook prednisoon of prednisoloon neem.

**As jy meer ABITIG geneem het as wat jy behoort te neem:**

In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker sonder verwyl. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum. Neem enige oorblywende tablette saam, insluitend die karton en hierdie inligtingsblad, sodat die hospitaalpersoneel maklik kan vasstel wat jy geneem het.

**As jy vergeet het om ABITIG te neem:**

As jy ‘n dosis van ABITIG en/of prednisoon of prednisoloon deur slegs ‘n paar uur oorgeslaan het, neem die oorgeslaande dosis so gou as wat jy onthou. As dit amper tyd is vir jou volgende dosis, slaan die oorgeslane dosis oor en neem ABITIG en/of prednisoon of prednisoloon op die volgende normale geskeduleerde tyd.

Moenie ‘n dubbele dosis neem om te vergoed vir die individuele dosisse wat jy vergeet het nie.

As jy vergeet het om ABITIG en/of prednisoon of prednisoloon vir meer as een dag te neem, moet jy sonder versuim met jou dokter praat.

**As jy ophou om ABITIG te neem:**

Moenie ophou om ABITIG en/of prednisoon of prednisoloon te neem nie, tensy jou dokter jou inlig om dit te doen.

## 4. Moontlike newe-effekte

ABITIG kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir ABITIG aangemeld word, is in hierdie inligtingstuk opgeneem nie. Indien jou algemene gesondheid versleg of as jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy ABITIG neem, moet jy asseblief jou gesondheidsorgverskaffer raadpleeg vir advies.

**As enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van ABITIG en lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:**

- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe en mond of keel, wat probleme om te sluk of asem te haal kan veroorsaak.
- uitslag of gejeuk.
- floute.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As jy dit het, kon jy ‘n ernstige reaksie teen ABITIG gehad het. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

**Lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal as jy enige van die volgende opmerk:**

***Dikwelse newe-effekte:***

- hartversaking (kortasemigheid, moegheid en swakheid, swelling van jou bene, enkels en voete, hardnekkige hoes of hyging met wit of pienk bloedbevlekte slym), kongestiewe hartversaking (‘n chroniese toenemende toestand waarin vloeistof binne-in die hart opbou en veroorsaak dat dit nie doeltreffend kan pomp nie), linker ventrikulêre diastoliese wanfunksie en verlaagde linker ventrikulêre uitsettingsgedeelte (kortasemigheid of gevoel van inspanning terwyl in rustoestand, borskaspyn of uitermatige moegheid)
- angina pectoris (‘n pyn of ongemaklike gevoel in jou borskas wat dikwels versprei na jou arms en nek en somtyds na jou skouers en rug)
- veranderinge in die manier wat jou hart klop (klop vinniger of onreëlmatig)
- abnormale hartritme (‘n fladdering in die borskas, borskaspyn, vinnige of stadige hartklop, floute of duiseligheid)



**Signed:**

- ernstige infeksie wat sepsis genoem word (koors en koue rillings, naarheid, braking, diarree)
- te lae vlakke van kalium in jou bloed (abnormale of stadige hartritme, lae bloeddruk, krampe, swakheid)
- Lewersiekte, gebrek aan lewerfunksie (ook akute lewerversaking genoem) wat vergeling van jou vel en wit van jou oë (geelsug) kan veroorsaak, naarheid, braking en 'n algemene onwel gevoel.
- hoë trigliseriedvlakke in jou bloed (geel neerslae van vet op of rondom jou ooglede)
- bloed in jou urine

***Minder dikwelse newe-effekte:***

- adrenale ontoereikendheid (pyn in jou spiere of gewrigte, lae bloeddruk wat veroorsaak dat jy duiselig voel as jy opstaan, behoefte aan sout)
- vergeling van die vel en oë, donker urine en moegheid wat simptome van lewerprobleme kan wees
- rabdomiolise (vinnige afbraak van spierweefsel wat onverklaarbare spierpyn, teerheid of swakheid kan veroorsaak)
- inflammasie van jou longe (moeilike asemhaling, hyging, droë hoes)

***Newe-effekte met onbekende voorkoms:***

- hartaanval (pyn in jou borskas, rug, kakebeen en ander areas van jou boonste liggaamsgedeelte wat meer as 'n paar minute kan duur of wat verdwyn en weer terugkeer, kortasemigheid)
- veranderinge in die elektiese aktiwiteit van jou hartklop soos bepaal deur 'n elektrokardiogram (EKG)
- die afsterf van selle in die lewer en waar die lewer littekens het en permanent beskadig is

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy mag dringende mediese bystand benodig.

**Lig jou dokter in as jy enige van die volgende opmerk:**

***Dikwelse newe-effekte:***

- urinienweginfeksie (sterk of gedurige drang om te urineer, pyn en branderige sensasie wanneer jy urineer, troebel, bloederige urine of urine wat sterk ruik, abdominale pyn, naarheid en braking)

- hoë bloeddruk
- diarree, slegte spysvertering
- verhoogde lewerensieme (alanien-aminotransferase of aspartaat-aminotransferase) wanneer jou bloed getoets word
- beenbreuke

***Minder dikwelse newe-effekte:***

- spierswakheid

Jy moet jou dokter of apteker inlig as jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingstuk opgeneem is nie.

**Aanmelding van newe-effekte:**

As jy newe-effekte ervaar, moet jy jou dokter, apteker of verpleegkundige inlig. Jy kan ook newe-effekte by SAHPRA) aanmeld *via* die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en die eReporting platform (who-umc.org, wat aanlyn beskikbaar is op SAHPRA se webblad. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van ABITIG te verskaf.

## 5. Hoe om ABITIG te bewaar

- Bewaar by of onder 30 °C.
- Beskerm teen lig.
- Hou die tablette in die oorspronklike bottel tot benodig vir gebruik.
- BEWAAR ALLE MEDISYNE BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.
- Moenie ná die vervaldatum soos op die karton gedruk, gebruik nie.
- Vroue van kinderbarende ouderdom, swanger vroue of dié wat moontlik swanger mag wees (insluitend gesondheidsorgverskaffers) moet beskerming (bv. handskoene) gebruik wanneer hulle ABITIG hanteer.
- Bring alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker toe.
- Moenie van ongebruikte medisyne in dreinering- of rioleringstelsels (bv. toilette) ontslae raak nie.

## 6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

**Wat ABITIG bevat:**

Die aktiewe bestanddeel in ABITIG is abirateroonasetaat.

Elke tablet bevat 250 mg abirateroonasetaat.

Die ander bestanddele is:

Gebutileerde hidroksi-anisool

Natriumkroskarmellose

Hipromellose

Laktosemonohidraat

Magnesiumstearaat

Mikrokristallyne sellulose

Natriumlourielsulfaat

**Hoe ABITIG lyk en inhoud van die verpakking:**

Wit tot naaswit, ovale, bikonvekse, onbedekte tablet ingepers met “993” op die een kant en skoon op die ander kant.

Wit, ronde, hoë-digtheid-poliëtileenbottel met ‘n wit polipropileenprop.

Pakgrootte: 120 tablette.

**Houer van die registrasiesertifikaat:**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd - Roodepoort

Lautreweg 14

Stormill, Uitbreiding 1, Roodepoort

Johannesburg 1724

011 495 0100

**Hierdie inligtingstuk was laas hersien op:**

26 November 2024

**Registrasienommer:**

Abitig: 51/21.12/0508



**Signed:**